R. SOEDARMO, *In de Wereld maar niet van de Wereld. Een Studie over de Grondgedachten van de Theologie van Friedrich Gogarten* (Diss., V.U.), J. H. Kok N.V., Kampen, s.j. (promosie het in 1957 plaasgevind), 159 pp.

Hierdie dissertasie bied ons 'n deeglike, sistematiese, oorsigtelike samevatting van die werk van Gogarten. Vir iemand wat 'n samevattende werk oor Gogarten soek, kan ek hierdie werk beslis aanbeveel. Die kritiek van die promovendus op Gogarten pas in die patroon van die kritiek wat van Gereformeerde kant op die dialektiese teologie uitgeoefen word.

DR. P. S. DREYER

CALVIN G. SEERVELD, *Benedetto Croce's earlier aesthetic Theories and literary Criticism. A critical philosophical look at the development during his rationalistic years*, (Diss., V.U.), J. H. Kok N.V., Kampen, 1958, 110 pp.

Croce is een van die belangrikste denkers van ons tyd. Die Croce wat ons gewoonlik ken en rekening mee hou, is die latere Croce en dan veral sy geskiedenisfilosofie, wat baie invloed uitgeoefen het. Deur sy invloed op Collingwood het hy ook groot invloed in die Engelse wêreld gekry. Die proefskrif onder bespreking gaan egter oor die jong Croce, die gewoonlik minder bekende. In hierdie opsig is die dissertasie 'n welkome aanvulling van ons literatuur oor Croce en iemand wat 'n studie van hierdie figuur maak, sal dankbare gebruik van hierdie dissertasie kan maak.

DR. P. S. DREYER